



## Weeklikse graanmarkverslag



Bemaking- en Agribesigheidsafdeling

www.elsenburg.com

22 Mei 2015

Carine van Zyl  
Tel: (021) 808 5189

### 1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 22 Mei 2015 vir koringlewering in Mei was R3 815 per ton gelewer te Randfontein.

Kommoditeit	MTM-pryse (22/05/2015) R/mt					Week eindig R/mt 15/05/2015	Vergelykende verhandelings- dag R/mt 16/05/2014	% Verandering
	Mei-15	Jun-15	Jul-15	Sep-15	Des-15	Mei-15	Mei-14	Mei-14 tot Mei-15
Koring (RFTN)	3815	3828	3843	3866	3798	3832	3959	-4%
Geelmielies	2440	2421	2449	2485	2522	2403	2050	19%
Witmielies	2830	2821	2836	2868	2929	2787	2020	40%
Sonneblom	4943	4950	5015	5105	5195	4920	4610	7%
Sojabone 50ton	4588	4594	4640	4710	4802	4660	5425	-15%
Sorghum	2620	-	2660	2587	-	2600	2580	2%


Bron: SAFEX, 2014 & 2015

**Wintergewasse:** Die koringprys vir lewering in Mei het die week op R3 815 per ton gesluit, R17 per ton laer as vir vorige week en R144 per ton laer as die vergelykende verhandelingsdag in 2014.

In groot dele van die Wes-Kaap is die situasie steeds nie gunstig vir wintergraan aanplantings nie. Daar is vroeër die maand berig dat dringende reën voor die einde van Mei benodig word. Die Swartland produsente wat normaalweg vir die reën wag voordat hulle plant, het dus in die baie gevalle nog nie geplant nie, maar intussen het van dië tog maar besluit het om die droë grond aan te durf. Daar is egter verskeie wat in die hoop op reën reeds geplant het, maar die reën bly steeds weg. Reën is vir die komende week oor dele van die Wes-Kaap voorspel, maar daar sal egter gesien moet word hoe wyd en intens dit sal wees. In die Suid-Kaap is daar dele wat verder

gevorder is met aanplanting, maar met die afgelope weke se droër weer, word die opkoms en vordering van koring benadeel. 'n Produsente in die Heidelberg omgewing is egter vanjaar meer positief oor hul situasie, hy noem dat "kanola, gars en koring sedertdien mooi opgekom het en die stand is goed" (Landbouweekblad, 2015).

Gedurende die week, 9-15 Mei is daar geen koring ingevoer nie. Die koring vanaf Rusland, Duitsland en Oekraïne verteenwoordig gesamentlik reeds 66% van die totale ingevoer na Suid-Afrika die seisoen (SAGIS, 2015). Die progressiewe koringinvoere vir die seisoen staan tans op 1 275 152 ton (SAGIS, 2015). Die figuur toon die invoerhawens vir koring tot dusver in die 2014/15 seisoen; 83.5% van die koring is reeds deur die Durban hawe ingevoer.




Verder is daar ook gedurende dië week, 5 315 ton koring na die buurlande uitgevoer, 2 092 ton na Botswana, 1 001 ton na Zimbabwe, 1 501 ton na Zambië asook kleiner hoeveelhede na Namibië en Swaziland (SAGIS, 2015). Die totale koringuitvoere vir die seisoen op 177 942 ton gereken (SAGIS, 2015).

Van 9-15 Mei is daar slegs 775 ton koring deur produsente gelewer, selfs minder as die vorige week (SAGIS, 2015). Die SAGIS koringleweringssyfer vir die seisoen vanaf 27 September 2014 word tans op 1 689 334 ton gereken (SAGIS, 2015). Die syfer verteenwoordig 96.5% van die nasionale koringoes wat op 1 750 000 miljoen ton op 7 Mei 2015 gefinaliseer is (NOK, 2015).

Die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) het die vorige maand bekend gemaak dat hul die voorneme om wintergewasse aan te plant (gebaseer op toestande soos teen mid-April 2015) op 481 300 hektaar reken (NOK, 2015). Daar word op verskeie maniere gepoog om koringproduksie in Suid-Afrika te bevorder; produsente poog om die gradering en die 'aanplantings reëls' aan te pas om sodoende produksie te bevorder. Verder word die voornemende kanola-oppervlak op 85 000 hektaar aangedui (NOK, 2015). Die voornemende oppervlak met moutgars beplant word op 95 800 hektaar gereken (NOK, 2015).

**Somergewasse:** Die 3<sup>de</sup> oesskatting vir somergewasse wat aan die einde van April bekend gestel is het die oesskatting vir mielies op 9 762 550 ton gedui (NOK, 2015). Die mielie aanplantingsoppervlak word op 2 652 850 hektaar geskat (NOK, 2015). Die 4<sup>de</sup> oesskatting word op 26 Mei 2015 bekend gemaak, 'n Reuters meningsopname dui die markverwachting vir die mielie-oes op 9.73 miljoen ton.

Gedurende die derde week van die seisoen, 9-15 Mei 2015, is daar 129 172 ton witmielies en 219 917 ton geelmielies gelewer (SAGIS, 2015). Dië lewerings bring die progressiewe lewerings van die seisoen (vanaf 25 April 2015) tot 209 470 ton witmielies en 378 994 ton geelmielies (SAGIS, 2015). Met die stroopproses op dreef sal die tempo van lewering verder toe neem. Die figuur toon die mielieleweringstempo vir die eerste 3 weke van die seisoen (2010/11 – 2015/16) soos deur SAGIS bepaal.



Soos reeds vroeg in die seisoen duidelik geword het, sal mielie-invoere ongetwyfeld deel uitmaak van die seisoen se voorraad. Mielie-invoere het reeds afgeskop; teen 28 April was die amptelike invoersyfer 65 250 ton geelmielies (SAGIS, 2015). Die spekulاسie t.o.v die verdere geelmielies invoere is in die week, 9-15 Mei, se invoerstatistiek bevestig. 33 138 ton koring is vanaf Argentinië deur die Kaapse hawe ingebring (SAGIS, 2015). Die week se data het dit bekend gemaak dat die hoeveelheid mielies wat ingevoer sal moet word laer sal wees as vroeër aangedui "a large part of the yellow maize imports is expected to supply the coastal markets," (Business Day Live, 2015). Die nuus t.o.v die invoer hoeveelheid is egter positief vir Suid-Afrika, gegewe die swak Rand, wat invoere geweldig duur maak en gevolglik die handelsbalans nie verder benadeel nie.

Mielie-uitvoere vir die week het 7 888 ton witmielies en 3 704 ton geelmielies bereik, die mielies was hoofsaaklik vir buurlande bestem, maar die 1 418 ton geelmielies na Korea uitgevoer is, is ook hierby ingesluit (SAGIS, 2015). Dië uitvoere bring die totale uitvoere vir die seisoen vanaf 25 April tot 20 877 ton witmielies en 10 063 ton geelmielies (SAGIS, 2015).

Die prys vir geel- en witmielies vir lewering in Mei het onderskeidelik die week op R2 440 per ton en R2 830 per ton gesluit (SAFEX, 2015). Die geelmielies is R37 per ton hoër as die vorige week, terwyl die prys van witmielies die week R43 per ton hoër as die vorige week gesluit het. Die prys vir geel- en witmielielewering in Mei was verder onderskeidelik 19% (R390 per ton) en 40% (R810 per ton) hoër as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag van 2014.

## 2. EKONOMIE & ENERGIE



Op internasionale front duur die Griekse skuld krisis voort. Griekeland kon die vorige week se IMF betaling maak soos beplan. "How they will make month-end wage payments or its next International Monetary Fund (IMF) repayment, on 5 June, remains unclear", so berig RMB. Duitsland staan steeds daarby dat daar geen addisionele hulpfondspakket aan Griekeland toegeken sal word, indien hul nie nog verdere verandering in die ekonomiese stelsel inbring nie (RMB, 2015). "Greece has kept going longer than most expected but it seems that they are not

going to make it through June without further bailout funds" (RMB, 2015).

Op internasionale vlak het Japan se Bruto Binnelandse Produk (BBP) groei koers vir 1Q15 vinniger as verwag gegroei, 0.6% kwartaal-tot kwartaal (2.4% vir die jaar). Gevolglik is Japan tesame met Italië en Frankryk die kwartaal, die vinnigste groeiende ekonomieë in die ontwikkelde wêreld (NEWS24, 2015).




Die plaaslike finansiële mark het die week rustig

begin, maar risiko's in terme van die inflasie en rentekoers syfers bepaal die finale rigting van die week. Die verbruikers-prysindeks (VPI) sou volgens RMB se berekening tot 4.6% jaar-tot-jaar styg. Die werklike syfers is egter deur StatsSA as 4.5% vir die hooflyn-inflasie en



5.6% vir die kern-inflasie bevestig. "This is the second monthly increase in (y/y) inflation following six months of decreases, and has been driven by the 14% increase in the petrol price in April. When coupled with the 10% increase in March these price hikes have taken petrol back to its November 2014 price" (FIN24, 2015). Die groot petrolprys veranderinge het 'n noemenswaardige impak op die VPI syfer. Die grafiek toon die wat hooflyn-inflasie sou wees indien die petrolprys vanaf September 2014 onveranderd gebly het. Die brandstofprys-deflasie het omgekeer en voedselprys-inflasie sal binnekort die styging begin toon. Die kleinhandelverkope het slegs met 2% jaar-tot-jaar in Maart gegroei, teenoor die verwagte groei van 3.7%. 'n Reuters meningsopname toon dat daar verwag word dat die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank (SARB) die rentekoers steeds onveranderd op 5.75% sal laat, maar dat daar wel nader aan die einde van die jaar, waarskynlik in November, 'n 25 basispunt styging, gevolg deur nog 'n 25 basispunt styging in Januarie 2016, sal wees. "Any increase in the repo rate, coming on top of the Eskom rate increase and an expected rise in the fuel price at the end of the month, would have been 'problematic'. Deeply indebted consumers are incredibly vulnerable to any price increases and an escalation in the cost of borrowed money would have hit them hard," sê Niel Roets van Debt Rescue (FIN24, 2015).

Die olieprys het aan die einde van die vorige week op \$66.59 per vat gesluit, effe laer in reaksie op die vraag en aanbod in die mark (FIN24, 2015). Ten spyte van dië daling in die prys, het Brent



ru-oliepryse die lae vlakke van vroeër die jaar teen gestaan tenspyte daarvan dat OPEC weier om globale produksie te sny. Die prys van olie het reeds van Junie tot Januarie met meer as 60% gedaal a.g.v die Organisation of the Petroleum Exporting Countries (OPEC) wat weier om produksie te sny. OPEC wat verantwoordelik is vir 30% van die globale ru-olie produksie het dië houding ingeneem in 'n poging om die VSA-produksente uit die oliemark te haal. "The upcoming OPEC meeting (in two weeks) could clarify the current situation in the oil market" (FIN24, 2015). Daar word tans nie verwag dat OPEC drastiese aanpassings sal maak nie, maar daar is 'n moontlikheid dat hul later in die jaar produksie sal opstoot om verdere prysstyging teen te werk (FIN24, 2015). Olieprodusente, Saudi-Arabië, Kuweit en UAE produseer tans byna op die grootste hoeveelheid olie in 3 dekades volgens die International Energy Agency (IEA) se maandelikse verslag (NRG Trading, 2015). Die situasie in Libië en Jemen word gemonitor, maar daar is wel kommer dat dië gevegte produksie in die Midde-Ooste kan onderbreek (NRG Trading, 2015).

Die Rand se geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 22 Mei 2015 waarteen dit teenoor die VS-Dollar verhandel het, was R11.81 (Reserwe Bank, 2015). Die Britse pond het Vrydag teen R18.50 en die Euro het teen R13.19 teenoor die Rand verhandel (Reserwe Bank, 2015).

### 3. INTERNASIONALE SITUASIE

Internasionale nuus word weer in 'n volgende verslag bespreek.